

4 Oktober

Eksodus 4:27-5:24

(Teks: 5:22-24)

Die donkerheid op God se weg

By hulle aankoms in Egipte is Moses en Aäron so deur die Israeliëte in die geloof versterk (4:29-31), dat hulle *vol moed* na die farao toe gegaan het met die versoek: "So sê die Here die God van Israel. Laat my volk gaan om tot my eer 'n fees in die woestyn te vier."

Maar ag, hoe word hulle nie *ontnugter* nie! Die farao weier op veragterende wyse: "En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister?" Al resultaat van hierdie ontmoeting was die verswaring van die volk se las. Van nou af geen strooi nie - maar dieselfde kwota bakstene moet nog steeds gelewer word!

En nou die donkerheid op God se weg. Moses en Aäron word nie net ontnugter nie, maar deur die verwyte van die volk *verbrysel*. Want die volk bid die straf van die Here op hulle af, omdat hulle hulle naam by die farao sleg gemaak het.

Geen wonder dat Moses sy toevlug tot die Here neem nie! Dis 'n gebed wat spreek van *moedeloosheid* - 'n gebed wat kla oor die donkerheid op dié weg wat die Here met hom bewandel.

Wie van ons ken nie God se weg van ontnugtering, verbryseling en moedeloosheid nie? Hou aan om, soos Moses, in die gebed na die Here toe te vlug. Want dan ontdek ons *dat daar 'n weg in God se donkerheid is*. Dit het Moses ontdek. En hy was só getroos dat hy na die farao toe kon gaan om die tien plaë oor Egipte te bring.

Sing Psalm 74:15 en 16

Dr. C J. Malan (Emeritus)